Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 5 November 1947. No. 48.

# O.B.-Grootraad A.s. Week Byeen

**Die Grootraad van die Ossewabrandwag gaan op 11, 12 en 13 Nov. in Johannesburg vergader onder voorsitterskap van ds. S. J. Stander.**

Ooreenkomstig staande bevele sal die Gebiedsleiers en Afdelingshoofde soos gewoonlik volledig verslag doen aan die oppergesag van die beweging oor hul werksaamhede gedurende die afgelope jaar.

Dit het gebruik geword dat die Grootraad sy sitting afsluit met die uitreiking van 'n verklaring wat gewoonlik die houding van die Beweging op 'n bepaalde tydstip vaslê.

**Meer bepaald in kringe buite die O.B. is die belangstelling vir vanjaar se verklaring gaande omdat 'n algemene verkiesing op hande is en die uitspraak daaroor nuuskierig afgewag word.**

VERLEDE JAAR


O.B.-lede herinner hulle daaraan dat die Grootraad verlede jaar tydens sy sitting 'n uitnodiging van die A.P. ontvang het om hulle kongres by te woon en dat verlede jaar se verklaring onder meer gelui het dat „(1) die O.B. homself bereid verklaar om tot enige volksverkiesingsfront toe te tree wat die beveiliging van blank Suid-Afrika nastreef.

„(2) Voorwaardes wat die O.B. aan ander saamwerkende organisasies stel, en wat hy hulle ook gun, is (a) behoud van elkeen se identiteit en beginsels, en (b) dat geen blanke organisasie byvoorbaat van hierdie samewerking uitgesluit is nie.

Vir hierdie samewerking eis die O.B. vir homself geen parlementêre setels nie.

„(3) Die O.B. is bereid om voorstelle tot sulke samewerking te ontvang."

**Op hierdie grondslag het die O.B. en die Afrikanerparty mekaar sedertdien gevind en vandag heers daar 'n hartlike verhouding tussen die twee organisasies.**



Ds. S. J. Stander

# ENGELSE PERS SWYG OOR VERKIESINGSBOM

**Die regering se politieke speurdiens is nog steeds besig om getuienis in te samel wat die sogenaamde verkiesingsbom van die regering op die aangewese oomblik sal laat ontplof!**

**Verlede week het Die O.B. die speurbedrywighede in Kaapstad en Stellenbosch bekend gemaak. Berig is ontvang dat genl. Heimer Anderson tegelykertyd in Pretoria ondervra is. Verneem word dat die speurders by hom 'n bloutjie geloop het. Sy standpunt is dat as hy oor homself informasie kan gee, hy dit in 'n hof sal doen; en voorts dat hy nie gewillig is om ten aansien van 'n politieke verhoor informasie teen mede-Afrikaners te verstrek nie.**

**Die Vaderland berig dat twee politieke speurders na Durban afgereis het om daar getuienis te gaan inwin.**

**Die O.B. verneem dat die regering die insameling van getuienis uit die hande van die gewone polisie geneem het en toevertrou het aan 'n klein keurbende van „politieke" speurders.**


**Hoewel dit lankal bekend is dat die regering voornemens is om sekere vooraanstaande Afrikaners in hegtenis te neem en van hoogverraad aan te kla omdat hulle dan gedurende die oorlog met die vyand sou geheul het; en alhoewel die bedrywighede van die politieke speurdiens in hierdie verband ook reeds bekend geword het, swyg die Engelse pers nog soos die graf oor die hele aangeleentheid. Hierdie pers verkies blykbaar om sy lesers in onkunde te hou totdat die sielkundige oomblik vir bekendmaking aanbreek.**

# HOFMEYR-KLEURBELEID

**Tydens 'n V.P.-vergadering op Oos-Londen wat deur mnr. J. H. Hofmeyr, Minister van Finansies toegespreek is, is hy gevra of hy met sy verklaring tydens die Hottentotsholland tussenverkiesing bedoel het dat hy ten gunste daarvan is dat naturelle en Indiërs deur naturelle en Indiërs in die parlement verteenwoordig moet word. Hy het geantwoord: „Ja sekerlik. Ek glo dat dit uiteindelik moet kom."**

# Soos In Vorige Eeu

**Simbolies van die verouderde en ondoeltreffende Britse parlementêre stelsel, is die kleredrag van hierdie afdeling afgeleefde soldate wat deelgeneem het aan die onlangse opening van die Britse parlement. Hul kleredrag behoort tot die vorige eeu; so ook die Britse parlementêre stelsel met sy politieke partye waarvan ons 'n loot in Suid-Afrika het.**



# Militante Liberalisme In V.S.A.

**„Die regering van die Verenigde State moet alle finansiële steun onttrek van enige Amerikaanse staat of privaat inrigting wat segregasie tussen negers en blankes prakties toepas. Segregasie is moreel verkeerd en een van die grootste fabels in die Amerikaanse geskiedenis", lui die militante en liberalistiese aanbeveling van die kommissie van ondersoek na menslike regte in Amerika wat hul besluit so pas bekend gemaak het.**

Pres. Truman het hierdie kommissie verlede jaar benoem na aanleiding van die groot aantal „lynch"-gevalle en opstootjies wat daar die afgelope jare tussen blankes en negers plaasgevind het. Hulle taak was om na ondersoek wetgewing aan te beveel vir die beskerming van menslike regte in die V.S.A.

Hul bevinding lui dat die Amerikaanse vrees vir Kommunisme een van die redes is waarom sommige persone se menslike regte vertrap word. **Voorts word aanbeveel dat die Amerikaanse kongres sy finansiële steun onttrek van alle state en inrigtings wat segregasie op grond van ras, kleur en nasionaliteit prakties toepas.**

„Die oogmerke van die volk moet wees om die vier essensiële regte van elke mens — persoonlike vryheid, burgerskap en die voorregte wat daarmee saamhang, vryheid van spraak en gelyke kanse vir elkeen — aan elkeen te verseker, afgesien van wie hy is, waar hy bly of van watter ras of geloof en oorsprong hy is."

Die gebruik van apartheid wat in die Suidelike State bestaan waar negers van die blankes geskei word terwyl daar voorgegee word dat hulle gelyke regte geniet, is oorsaak van „een van die grootste mites in die Amerikaanse geskiedenis."

Die Kommissie dring by die kongres aan om meer as 20 nuwe wette aan te neem om **„die V.S.A. nader te bring aan die historiese doelstellinge van menslike vryheid en gelykheid."**

Of die Amerikaanse volk, en veral die inwoners van die Suidelike State, akkoord sal gaan met hierdie militante liberalisme, val sterk te betwyfel. Die aanbeveling van hierdie kommissie strook egter heeltemal met die opvatting van die V.V.O. waar die nie-blanke rasse selfs die magsewewig het.

# PARTYPOLITIEKE OMMESWAAI IN BRITTANJE

**'n Politieke ommeswaai in Brittanje wat moontlik op 'n neerlaag vir die Arbeidersparty in 'n algemene verkiesing mag uitloop, word weerspieël deur die uitslae van die munisipale verkiesings in Brittanje waarin Churchill se Konserwatiewe Party meer as 600 setels op die ander partye verower het. Die regerende party het 683 setels verloor.**

Na Sapa-Reuter berig het die Konserwatiewe Party 634 setels bygekry en 17 verloor; die Arbeiders het 683 verloor en slegs 42 bygekry; die Liberale Party het 49 bygekry en 49 verloor. Vir die Kommuniste was die uitslae ook ontmoedigend. Hulle het geen wins behaal nie en moes nege setels afstaan.

Churchill het die uitslag van die verkiesing beskryf as die grootste gebeurtenis sedert die verkiesingsramp wat die land in 1945 getref het. As oorsaak vir die politieke ommeswaai word die onvermoë van die Britse regering om die ekonomiese krisis te beëindig, genoem.

# H.N.P. Kan Nie Met O.B. Saamwerk — Sê Malan

**Dit is vir die H.N.P. net so onmoontlik om vandag saam te werk met die Ossewabrandwag wat die „beginsel van 'n gesagstaat huldig — 'n beginsel wat die teenoorgestelde van die Nasionale Party se beleid is" as wat dit vir die party in 1933 onmoontlik was om saam te smelt „met Imperialiste wat ook lynreg van ons verskil", het dr. D. F. Malan, volgens Die Burger verlede Saterdag op Calvinia verklaar.**

Dr. Malan het hierdie onversoenlike houding teenoor die O.B. ingeneem toe hom gevra is waarom die H.N.P. nie, net soos die Afrikanerparty, O.B.-lede sonder voorbehoud as lede van die party toelaat nie. Dr. Malan het die O.B. 'n onverdiende steek gegee toe hy in 'n verdere verduideliking die beweging beskuldig het van die Russiese stelsel na te aap. Hy het gesê: „Die O.B. se hoofleiding glo daaraan dat die volkshoofde nie gekies woet word nie, maar hulle self aanstel, met 'n diktator aan die hoof soos die geval in Duitsland was en nog in Rusland is."

**Dit is onverklaarbaar dat juis dr. Malan hierdie wanvoorstelling die wêreld instuur. Sou hy dan vergeet het dat die Republikeinse grondwet, wat hy in 1941 „aanvaar" het en wat die O.B. vandag nog aanvaar uitdruklik soos volg bepaal: „Die staatspresident word deur al die stemgeregtigde burgers gekies." — Art. 4, klousule 4.**

**In die lig hiervan is die rede wat dr. Malan aangee waarom dit vir die H.N.P. onmoontlik is om op die vooraand van 'n verkiesing wat hyself „as die laaste kans van blank Suid-Afrika" beskryf, met die O.B. saam te werk eenvoudig verrassend.**

# AFRIKANERS WORD EEN: SMUTSKRAGTE VERBROKKEL

**Die wiel begin vinniger draai in Suid-Afrika. Vir die eerste keer in 'n hele aantal jare begin die politieke situasie 'n aanskyn kry wat vir nasionaalvoelende Afrikaners nie meer so skreeulelik soos vroeër lyk nie. Daar is enersyds aanduidings dat nasionale Afrikaners in die rigting van samewerking beweeg, en andersyds is daar onmiskenbare tekens dat die eertydse soliede Smutsblok begin opbrokkel in vyandiggesinde groepe. Dit is 'n nuwe en beslissende wending wat die politiek neem.**

Die ramp van verdeeldheid het nasionaalvoelendes getref in 1940 toe wyle genl. Hertzog uit die politiek gedwing is. Veldm. Smuts het sy soliede blok aanmekaar gedruk binnekant die raamwerk van 'n skouspelagtige oorlogspoging.

**VERDEELDHEID GESTUIT**

**In 1946 is die dolle vaart van Afrikanerverdeeldheid vir die eerste keer gestuit toe mnr. N. C. Havenga, die lewenslange vriend van wyle genl. Hertzog, as leier van die Afrikanerparty, teruggekeer het tot die openbare lewe. In die volgende jaar het Afrikanersamewerking begin koers vat toe mnr. Havenga en die O.B.-leier, dr. J. F. J. van Rensburg, 'n kostelike verstandhouding bereik het, waaruit noue samewerking tussen die Afrikanerparty en die Ossewabrandwag — wat 'n politieke testament van wyle genl. Hertzog geërf het — nog steeds vloei.**

Hierdie samewerking is sedertdien aangedik deur 'n ooreenkoms wat mnr. Havenga, met dr. D. F. Malan, die hoofleier van die H.N.P. aangegaan het. 'n Afrikanerblok, waarby nasionaalgesinde organisasies van kleiner formaat hulle ook geskaar het, het eindelik gedaante aangeneem.

**Na aanleiding van besluite ten aansien van die Ossewabrandwag wat onlangs deur die H.N.P. op die party se Transvaalse en Kaaplandse kongresse geneem is, het die vrees ontstaan dat die tengere Afrikanerblok kan intuimel as gevolg van die nuwe keterjag van die H.N.P. teen die sg. „voorstanders van 'n partylose staat," m.a.w. teen die Ossewabrandwag. Hierdie droewige moontlikheid is egter gelukkig verwyder deur mnr. Havenga se vroegtydige en besliste optrede voorverlede week op Memel in die Vrystaat.**

**GEEN IDEOLOGIESE TWIS**

Die leier van die Afrikanerparty het uitdruklik onderstreep dat hoewel hy nie die ideologie van die O.B. onderskryf nie, hy beslis nie met die O.B. daaroor gaan baklei nie. Inteendeel hy ag die O.B. se hulp by die verkiesing noodsaaklik. In die praktyk beteken dit dat mnr. Havenga baie duidelik aan sy bondgenoot, dr. D. F. Malan, hoofleier van die H.N.P., te kenne gegee het dat hy nie genoeë neem met 'n ideologiese twis met die O.B. oor partylose of gesagstate op die vooraand van 'n verkiesing wat terwille van die behoud van die blanke beskawing gewen moet word nie.

**Dit is hierdie standpunt van mnr. Havenga, en die stellige verwagting dat dr. Malan daarmee sal moet saamstem wat nasionaalvoelendes die reg gee om verlig te voel dat 'n nuwe twis in Afrikanergeledere om vyf minute voor twaalf opgelos is.**

## Geesdrif Vir O.B.-Dag

**KANON EILAND.—Die kommando het O.B.-dag op gedenkwaardige wyse gevier op Donderdag 23 Oktober. Die mooi bedrag van £82 is ingesamel.**

'n Eer het die kommando te beurt geval om Hoofgenl. Max Smuts in ons midde te hê. Genl. Smuts het die verrigtinge van die dag afgesluit met 'n besielende toespraak in die aand. 'n Pragtige gees het onder die Afrikaners geheers — die voorsitter van die H.N.P. het die Generaal na afloop van die vergadering kom groet en instemming met hom betuig oor sy standpunt ten opsigte van samewerking.

In die namiddag het almal gesellig verkeer en fees gevier. Skyfskiet was baie gewild; 'n fraai blompot en twee asbakkies is uitgeskiet — en dit met halfkroon lootjies! — (Korr.)

## Politiek in Oënskou deur Waarnemer

Aan die Smuts-front heers daar bedruktheid. Die „glorieryke oorlogspoging" is 'n stokou propagandaperd wat al genadebrood begin eet. Die raamwerk waarbinne veldm. Smuts sy bondel so lank vasgeknel het, het verdwyn. En diegene wat die seerste geknel is begin nou eie koers vat — en boonop nog in 'n verkeerde bus!

**SPLINTERNUWE MONDERING**

Die Dominiumparty van kol. Stallard wat 'n ruk gelede gaan lê het en wat almal dood gewaan het, het weer opgestaan, nie alleen in 'n nuwe gedaante nie maar met 'n splinternuwe mondering!

**Dit heet nou die Suid-Afrikaanse party en as hoofbeginsel het dit die beleid van segregasie aanvaar. Die party, wat glo oor heelwat fondse beskik, gaan sy eie weekblad — Wit Suid-Afrika — uitgee. Die stootkrag agter hierdie besluite is die „Council of Europeans," waarvan kol. Stallard voorsitter is en mnr. H. R. Abercrombie, die sekretaris. Kol. Stallard is die leier van die nuwe S.A.P. en mnr. Abercrombie word redakteur van die party se blad.**

Mnr. Abercrombie is die skrywer van „Afrika se Gevaar" 'n Afrikaanse boek oor die kleurprobleem wat reeds in 1938 in Pretoria gedruk is. In 'n bylaag bevat die boek die program van beginsels en konstitusie van die Raad van Europeane van Afrika wat glo in dieselfde jaar gestig is.

**Dit is bekend dat die Smutsparty die stigting van die nuwe S.A.P. as 'n ernstige bedreiging beskou, veral in Natal waar Indiërastrantheid duisende Engelssprekendes op hul agterpote laat beland het.**

**DIE ARBEIDERSPARTYE**

Eerw. C. F. Miles-Cadman L.V. van Durban-Noord, het heelwat gissings laat ontstaan met sy aankondiging dat hy besig is om 'n nuwe party, die Onafhanklike Arbeidersparty, te stig. Eerw. Cadman het onlangs uit die Arbeidersparty bedank vanweë toenemende kommunistiese insypeling in die party. Hy gaan nou sy eie party lei en hy gaan die Smutsparty „hand en tand" beveg. **Daar is nou drie Arbeiderspartye in ons land: Mevr. Jessie McPherson se party wat van kommunisme verdink word; die Verenigde Arbeidersparty of die Madeley-party; en eerw. Cadman se Onafhanklike Arbeidersparty. Dit klink na 'n bietjie te veel van 'n goeie ding en liewer as om oor die partye se toekoms te voorspel moet 'n mens maar wag en kyk.**

Terwyl partystigting in Natal aan die orde was is die stigting van die Unie Party ook aangekondig deur die sekretaris, mnr. H. F. Allardice, onderburgemeester van Port Shepstone. Lede van die party moet Suid-Afrikaners wees — glo nie uitlanders nie— wat na 31 Mei 1910 gebore is. Die Unie Party verwag om genoeg kandidate in 1948 verkies te kry om 'n kragtige „minderheid" in die parlement te kan wees.

**Die rigting en die koers van die nuwe partye is nog nie in alle opsigte duidelik nie. Maar dit wil voorkom asof die stigtings simptomaties is van 'n nuwe gees wat onder ons Engelssprekende landgenote begin vaardig word. In die mate wat hul voorlopers die Unionistiese, ou Suid-Afrikaanse en Dominium partye en selfs die huidige Verenigde Party Empire-georienteerd was en is, in dieselfde mate, so wil dit voorkom, het die nuwe partye 'n Suid-Afrikaanse inslag gekry. Insoverre hierdie stelling juis is sal Afrikaners die nuwe partystigtings van ons andertalige landgenote verwelkom.**

# IMMIGRASIEBELEID HOU GEEN REKENING MET VOLK SE KARAKTER

**„Met een van die magtigste bepalende faktore in die lewe van 'n volk, van sy kultuur en toekoms, nl. die godsdiens, word geen rekening gehou in die keuring van immigrante nie. Die eintlike karakter van ons volk word hier deur die regering sonder meer oor die hoof gesien", skryf Die Kerkbode, amptelike orgaan van die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika. Die blad beskou die immigrasiebeleid van die owerheid as 'n ernstige bedreiging vir Protestantisme in Suid-Afrika.**

„Die onomstootlike bewys hiervoor lê in die nuwe skema om immigrante vir plaasarbeid uit Noord-Italië en dele van Oostenryk na die Unie te bring."

**KATOLIEKE**

Die blad skryf dat dit veilig aangeneem kan word dat 'n aansienlike persentasie van die gewone immigrante Rooms-Katolieke is. **„Maar nou wil die regering immigrante van uitsluitend Roomse geloof hierheen bring. Op ongehoorde wyse sal die Rooms-Katolieke aanhangers in die land vermenigvuldig word.**

Hierdie immigrante is bedoel vir die platteland, die vesting van Protestantisme. Ook hier sal die Protestantse karakter van ons volk aangetas word deur Roomse kerke, skole en hospitale. Dit beteken nog meer subsidies van die staat.

Die blad doen 'n dringende beroep op die Kerk om daarteen te prostesteer en roep ook die hulp in van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, omdat die immigrasie 'n bedreiging inhou vir die beginsels waarvoor Geus en Hugenoot gely en gestry het.

**Die Italianers, met hul godsdiens wat geen skeidslyn tussen blank en gekleurd voorop stel nie, sal ongetwyfeld bloedvermenging bevorder en ons sedes soos gegrond op Protestantse beginsels, verswak, skryf die blad.**

# KRUGERDAG OP BURGERSDORP

Op 10 Oktober 1947, is Krugerdag op Burgersdorp gevier. Die opkoms was teleurstellend vir 'n Boeregemeenskap soos die van Burgersdorp. 'n Mens voel dat met beter organisasie, daar 'n groter sukses van hierdie groot Boeredag gemaak kan word. As bewys hiervoor dien die feit dat met die herdenking van die Simboliese Ossewatrek op 8 Augustus 1947, daar 'n baie beter opkoms was en dit ten spyte van die feit dat daar toe baie min tyd vir organisasie was.

'n Referaat is die aand in die stadsaal gelewer deur mnr. Andries Bester oor: „Die Fondament waarop die Staatkunde van President Kruger gerus het." Die President het sy stelling: „Ek bely ook op staatkundige gebied, die ewige beginsels van die Woord van God, op elke terrein van die lewe toegepas en prakties uitgelewe." Spreker voel besorgd oor die feit dat ons in 'n tyd lewe waarin kantien-eienaars, en skemerkelkieleiers, soms meer gewild is as leiers, as manne wat die Calvinistiese Godsdiens, soos Paul Kruger op alle terreine van die lewe soek tuis te bring.

Lektor mnr. Strauss van die U.K.O.V.S. was die hoofspreker. Hy het 'n besonder deurtastende en besielende rede gehou wat uitstekend die referaat van mnr. Bester aangevul het. Hy het veral daarop klem gelê, dat ware helde geloof moet hê soos wat die Volkshelde wat ons vanaand vereer, gehad het. Daardie geloof moet deurstraal in al ons doen en late op elke terrein van die lewe. Sonder daardie geloof weifel ons. Sonder daardie geloof sal ons name nooit as helde in die geskiedenis van ons Volk aangeteken staan nie. As dit ons ontbreek aan daardie geloofsvertroue dan is ons nie Volksleiers nie, maar Volksverleiers.

Die program is verder opgeluister deur musiek en sangnommers. Vroeër in die dag is daar kranse gelê. — (Korr.)

# Arabiese Aanklag Teen Jode

**'n Dreigbrief wat volledig deur die Jewish Herald gepubliseer word, bring interessante feite in verband met die Joods-Arabiese stryd in Palestina aan die lig. Interessant is veral die Arabiere se opvatting oor die omvattende vermoë en verbreiding van die krag van hul Joodse vyande.**

Die brief is afkomstig van die opperbevelhebber van die Arabiese Jeugbond en is gerig aan Ben-Gurion, leier van die Joodse Sosialistiese Arbeidsparty; Froumkin, leier van die internasionale „Bnai Brith" (die hoogste vrymesselaars-orde waaraan slegs Jode mag behoort); Baharav, leier van die internasionale Joodse Bond om anti-semitisme te bestry; Hofin, hoof van die Joodse geldmag in Palestina, en aan Shenkar, leier van die Joodse nywerhede in Palestina.

In die brief, wat die datum van 12 September dra, word verklaar dat die opperbevel van die Arabiese Jeugbond hierdie Joodse leiers skuldig bevind het en dat hulle binne drie maande doodgeskiet sal word afgesien van waar hulle mag wees.

**DIE AANKLAG**

Hulle is van die volgende oortredings skuldig bevind:

1. Dat hulle internasionale propaganda vir Sionistiese doelstellinge maak en dat hulle uit hoofde van hul invloed die oorsaak is dat Palestina, die heilige land van die Arabiere, verdeel moet word terwille van die skepping van 'n Joodse staat.

2. Dat Joodse internasionale kontakte en geldmag met behulp van die vrymesselary, onder alle volke en rasse, aanleiding gegee het tot die stuur van 'n kommissie van ondersoek deur die V.V.O. na Palestina.

3. Dat die internasionale geldmag van die Jode die oorsaak is dat die Arabiere vandag moet veg om hulle toekoms te verseker.

Die brief sluit met die verklaring dat die Arabiere met die hulp van ander anti-Joodse organisasies die ideale van die Jode om 'n Joodse staat in Palestina te stig, sal verydel.

## Duitse Middel Teen Tering

Duitse wetenskaplikes maak daarop aanspraak dat hulle suksesvolle metodes uitgevind het om mense van tering te genees.

Dr. Rudolf Degkwitz, voorsitter van die komitee vir teringnavorsing, het nuwe hoop in die harte van baie lyers geplaas. Na bewering is sy metode van behandeling so suksesvol dat 98 persent van die gevalle wat hy behandel het, genees het.

Dr. Otto Koch, 'n mediese professor maak ook daarop aanspraak dat hy tering met groot sukses behandel.

# H.N.P. SAL NIE TEEN JODE DISKRIMINEER NIE — SÊ MALAN

**Die meningskolomme van die Kaapstadse oggendblad, The Cape Times, dien al vir 'n geruime tyd as die forum waarin die Herenigde Nasionale Party se Jodebeleid uitgepluis word.**

**Van Joodse kant word beweer, deur mnre. J. Nossel en I. Frank dat die H.N.P. nie anti-Joods is nie en dat die party die ondersteuning van die Joodse bevolking verdien. Hulle probeer hul bewering staaf deur aanhalings uit briewe wat hulle van vooraanstaande H.N.P.-leiers ontvang het en waarin die versekering gegee word dat die H.N.P. nie anti-Joods is nie.**

**Van die kant van die H.N.P. word die teenoorgestelde beweer deur mnr. Eric Louw van Kaapstad wat op sy beurt probeer om sy standpunt te verdedig deur kongres- en raadsbesluite van die H.N.P. aan te haal waaruit volgens hom duidelik blyk dat sy party beslis anti-Joods is.**

### IMMIGRASIE

Na aanleiding van hierdie onsekerheid oor die H.N.P. se Jodebeleid het dr. Malan, die hoofleier van die party, 'n onderhoud aan Die Burger toegestaan waarin hy verklaar het dat ooreenkomstig die „neergelegde partybeleid" sy party nie anti-Joods is nie. Hy erken dat 'n Joodse probleem ontstaan omdat „die Joodse volk geen nasionale tuiste het nie en dat sodra hul getalsterkte in enige land 'n sekere persentasie van die bevolking oorskry, dit 'n rasseprobleem daar skep. Anti-Semitisme is dan die onvermydelike gevolg." Gevra of hy die Jodeprobleem wil oplos deur verdere immigrasie stop te sit het dr. Malan geantwoord: „Ja, beslis". Dr. Malan behou vir sy party egter die reg voor om nafamiliebetrekkinge van reeds gevestigde Jode in die land toe te laat sowel as van persone om te voorsien in hul godsdienstige en kultuurbehoeftes.

### DISKRIMINASIE

„Beoog die Nasionale Party binnelandse diskriminasie teen gevestigde Jode?" is aan dr. Malan gevra, waarop hy geantwoord het: „Wat sy neergelegde beleid betref staan die party ewemin vir wetgewende maatreëls wat tussen Jood en nie-Jood diskrimineer."

„Maar wat omtrent die besluit van die party se Paarl-kongres in 1939 wat die invoering van die beroepskwota ge-eis het as beskerming teen te groot Joodse indringing?" was hierop gevra. Dr. Malan het geantwoord: „By die Cradockse kongres van die volgende jaar is 'n poging aangewend om dit in die beleidsprogram van die party opgeneem te kry, maar dit is met beslistheid afgestem. By implikasie is die besluit van die vorige jaar toe herroep".

Adv. Eric Louw se wetsontwerp in 1939 wat deur die H.N.P. ondersteun is „bevat geen bepaling wat binnelandse diskriminasie beoog nie", het dr. Malan op 'n ander vraag geantwoord.

### UITBUITING

Gevra of die Jode as gemeenskap nie geneig is om seksies van die bevolking uit te buit nie, en of daardie seksies nie buitengewone beskerming teen hulle nodig het nie, het dr. Malan geantwoord dat „uitbuiting nie 'n monopolie van die Jode is nie". Sy party wil parasitisme uitskakel, van watter kant dit ookal mag kom, het hy bygevoeg.

**Dr. Malan het nou aangekondig dat mnre. Nossel en Frank reg is en dat mnr. Eric Louw die beleid van sy party verkeerd vertolk het. Mnr. Louw het oënskynlik effe tred verloor met ontwikkelinge in sy party. Hy verkondig in 1947 nog altyd wat sy party se beleid in 1939 was!**

# „JODE NIE SUID-AFRIKANERS NIE"

**Die eer kom 'n Engelssprekende Afrikaner, mnr. S. E. D. Brown, toe dat hy die nasionale standpunt ten opsigte van die Jode op baie bekwame wyse in The Cape Times uiteengesit het. Hy betoog dat Jode nie Suid-Afrikaners is nie, maar eenvoudig Jode is.**

**'n Jood kan vanselfsprekend nie 'n Afrikaner-nasionalis wees nie; net so min as wat 'n Arabier dit kan wees.**

Terwyl die hooftema in The Cape Times druk bespreek is, het 'n Kaapstadse Jood, mnr. E. A. Abrahams, van die geleentheid gebruik gemaak om 'n lansie vir die Jode te breek. Hy het hoofsaaklik beklemtoon dat die Jode goeie Suid-Afrikaners is. Hierdie bewering wou mnr. S. E. D. Brown, organiserende sekretaris van die Sons of South Afrika nie sonder meer laat deurgaan nie. In The Cape Times van 21 Oktober skryf mnr. Brown o.a. soos volg:

### PALISTINA OF SUID-AFRIKA

**„Mnr. Abrahams se vraag of hy, as Jood, 'n ware Suid-Afrikaner kan wees, is presies dieselfde as my wedervraag aan hom of ek, as Suid-Afrikaner, 'n ware Jood kan wees as ek en my voorgeslagte vir 'n 100 (of selfs 3,500 jaar) in Palestina gewoon het en gedurende al daardie jare ons godsdienstige, kulturele en nasionale identiteit ongeskonde bewaar het.**

„Indien daar by mnr. Abrahams enige twyfel bestaan aangaande sy reg om hom 'n ware Suid-Afrikaner te noem moet hy sy gewete raadpleeg om uit te vind of hy in die eerste instansie Sionis is dan wel Suid-Afrikaner; en of Palestina dan wel Suid-Afrika die land van sy hart, verstand en siel is, en watter een sy erfenis is. **As mnr. Abrahams verklaar dat hy 'n goeie Suid-Afrikaner is moet hy ronduit sê of hy nie miskien maar net bedoel dat hy 'n goeie inwoner van die land is nie.**

### JOOD IS JOOD

„Patriotisme beteken nie net om te veg en te sterwe vir die nasie nie. Dit beteken baie meer — dit beteken om saam met die nasie te sterwe. Patriotisme beskou die vaderland nie net as 'n blaashalte nie maar as die finale tuisoord. Meeste Jode beskou hul aangenome vaderlande nie in hierdie lig nie.

**„Daarom is 'n Jood 'n Jood en as 'n logiese gevolg daarvan is hy nie 'n Engelsman, 'n Ier, 'n Fransman, 'n Duitser, of iets anders nie". Ook nie 'n Suid-Afrikaner nie, kon mnr. Brown maar gerus bygevoeg het.**

Na aanleiding van 'n verdere brief van mnr. Abrahams in The Cape Times antwoord mnr. Brown alweer op 30 Oktober in dieselfde blad o.a. soos volg:

„Dwarsdeur sy geskiedenis het niemand minder as die Jood self voortdurend deur middel van sy godsdiens, kultuur en nasionalisme daarop aangedring dat hy 'n Jood is nie. Hoe anders kan hy as nasie bly bestaan het? **Elke geskrewe en gesproke woord praat van Wêreld Jodedom, Amerikaanse Jode, Britse Jode, Suid-Afrikaanse Jode, ens., maar daar is nêrens 'n teken van 'n Joodse Engelsman, 'n Joodse Amerikaner of Joodse Ier of selfs Joodse Suid-Afrikaner nie?**

### 'N WARE JOOD

„Daar is genoegsame getuienis om aan te toon dat Jode van een land vandag nog hegter gekoppel is aan Jode in 'n ander land deur persoonlike en bloedsbande — bande wat baie intiemer is as bv. die bande wat vir mnr. Abrahams, as 'n Jood, as my, wat 'n Suid-Afrikaner is, sou bind.

**„Hoe durf mnr. Abrahams hom 'n ware Suid-Afrikaner noem wanneer hy weet dat hy alreeds 'n ware Jood is? Hoe durf ek mnr. Abrahams 'n ware Suid-Afrikaner noem wanneer ek hom reeds as 'n ware Jood aanvaar? Hoe kan 'n Jood 'n nie-Jood wees?"**

# „Doen Weg Met Provinsiale Stelsel"

**'n Pleidooi dat die stelsel van Provinsiale Rade weggeveeg moet word omdat dit nie in staat is om die dienste wat aan hom toevertrou is, waar te neem nie, is deur dr. A. M. Moll, L.V. vir Rondebosch, in Kaapstad gelewer.**


Dr. Moll het verklaar dat sy ondervinding op die Nasionale Gesondheidskommissie hom oortuig het dat die Provinsiale Rade nie in staat is om die gesondheidsdienste van die land te behartig nie. Hy het dit ook aan die regering gesê.

Die Provinsiale stelsel dien geen werklike doel nie, maar verhinder dikwels die gladde funksionering van die staatsmasjinerie. Spr. het voorbeelde aangehaal van hoe belaglik die verdeling van die pligte is en daarop gewys dat Provinsiale Rade nie werklik oor die provinsies regeer nie. Die taak rus in die hande van die administrateur en die Uitvoerende Komitee.

---

**DIE CHOLERA-EPIDEMIE** in Egipte eis nog steeds meer lewens en die sterftesyfer het nog nie afgeneem nie. Daar sterf gemiddeld tussen 300 en 400 mense per dag. Nuwe gevalle breek nog steeds uit. Die moontlikheid om krygswet af te kondig, word oorweeg. Dit sal die regering in staat stel om die land se kragte vir bestryding te mobiliseer.

Die Unie tref reeds voorsorgsmaatreëls indien die epidemie dalk na Suid-Afrika uitbrei.

WEES BESKERM!
INBRAAK-Assuransie by—
SANTAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke dwarsdeur die Unie.

BRILLE
Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
WERDA Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

Verseker u Toekoms
deur die Eienaar te word van
VASTE EIENDOM
* BOUPERSELE
* WOONHUISE
* PLASE
* BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON
Raadpleeg —
J. (Kotie) THERON
CROXLEY-GEBOU, KUSWEG,
Posbus 78 Foon 0028
STRAND


### VERLORE POLIS

Naam en Adres van Versekeraar Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Maatskappy, Beperk
Hoofkantoor: Waalstraat 28, Kaapstad.

Polis No. 307736 vir £2000 gedateer 1 September 1945 op die lewe van STEFANUS PETRUS BEKKER, en die eiendom van die versekerde.

Hiermee word bekendgemaak dat bewys aan die Versekeraar gelewer is van die verlies of vernietiging van hierdie polis, en enigeen wat in besit van die polis is, of aanspraak maak dat hy enige belang daarin het, moet onmiddellik per geregistreerde brief met die Versekeraar in verbinding tree. By gebreke van so 'n mededeling, sal 'n gewaarmerkte afskrif aan die polis (wat die enigste bewys van die kontrak sal wees) aan die eienaar uitgereik word.

G. F. DE VILLIERS,
Hoofbestuurder en Sekretaris.

## HET U U INTEKENING OP DIE O.B. HERNU?

***So nie, staan u in gevaar dat toesending aan u adres binnekort gestaak word.***

***Die stelsel van kommando-intekening het op 30 Junie laaslede verval. Vanaf 1 Julie teken almal regstreeks teen 10/- per jaar op die blad in. Om seker te maak dat u geen uitgawe van ons amptelike mondstuk sal mis nie, moet u onmiddellik onderstaande vorm voltooi en saam met u intekengeld pos.***

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

DIE SEKRETARIS,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,
POSBUS 1411,
KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B." deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat intekengeld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., vooruitbetaalbaar is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B." aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van........................

vir........................jaar/e se intekengeld.

Naam: ........................

Posadres: ........................

........................

........................

........................

Datum Handtekening

„DIE O.B." WOENSDAG, 5 NOVEMBER 1947

# HOE STAAN DIT MET NASIONALISME IN S.A.

Die republikeinse Afrikanervolk het die aankondiging dat die Birmese volk die Britse konneksie verbreek het ten einde op 6 Januarie 1948 die Republiek van Birma uit te roep met gemengde gevoelens aangehoor.

**Die feit dat 'n Asiatiese volk die uittog uit die Britse Ryk lei, is tegelykertyd 'n onmiskenbare aanduiding van die verrysenis van Asiatiese nasionalisme en 'n uitdaging aan blanke nasionalisme.**

Na aanleiding hiervan wil ons die vraag stel: Hoe staan dit met nasionalisme in Suid-Afrika?

### DIE EEUFEESJAAR

Tydens die Eeufeesjaar in 1938 het Afrikaner-nasionalisme opgewel tot 'n skitterende republikeinse hoogtepunt. Om hierdie vrygelate geesdrif te mobiliseer vir daadwerklike vrywording en om die nasionale verset teen Britse Dominiumskap wakker te hou, is die omvattende volksbeweging, die Ossewabrandwag, destyds in die lewe geroep.

**Dit strek die O.B. en sy leier, Hans van Rensburg, tot onverganklike eer dat die beweging gedurende die oorlogsjare aan sy roeping getrou was, deur die republikeinse vlam brandend te hou nie net, elke Amajuba-dag, op die bergtoppe van ons land nie, maar, elke bittere oorlogsdag, in die harte van die volk — selfs agter die Empire se doringdrade en in die veroweraar se tronke.** Vandag nog is elke O.B.-lid 'n soldaat van die Republiek wat pal staan by die Republeikeinse Grondwet wat in die hoopjaar 1940 opgestel is.

### ALMAL IS REPUBLIKEINE

Gedurende die vroeë oorlogsjare het die Ossewabrandwag en die nasionale politieke party — die H.N.P. — albei gepleit vir die Republiek. Die O.B. het ook gestry en gely vir die Republiek. Vandag is die O.B. nie alleen die enigste Afrikaner organisasie wat volhardend stry en gewillig bly om te ly vir die Republiek nie, maar hy is trouens die enigste een wat nog pleit vir die Republiek.

Die O.B. se volgehoue republikeinse trou word onderstreep deur die voorneme van die huidige Empire-bewind om die leier van die O.B. van hoogverraad teen die Empire aan te kla en bes moontlik met behulp van die Empire se noodregulasies te vervolg.

### PARTY WORD BANG

Toe die O.B. se republikeinse stryd teen die Empire die aktiewe stadium bereik het, het die leier van die nasionale politieke party teen die „gevaarlike" aard van die O.B. begin waarsku en het die party se hooforgaan 'n hoofartikel geskryf teen die O.B. met die skrikaanjaende opskrif: Bloed! **Toe die O.B. se republikeinse stryd slagoffers begin eis het, het die partyleier, dr. Malan, hierdie slagoffers vir „rampokkers" uitgeskel en het hy hom en sy party totaal van die O.B. en die Afrikaner se republikeinse stryd gedisassosieer.**

In die na-oorlogse jare, met 'n algemene verkiesing op hande, het die nasionale politieke party eers die Afrikaner se republiek in 'n koelkas weggebêre en daarna die Grondwet verloën, wat die partyleier gedurende die oorlogsjare toe Hitler se leërs baas in Europa was in „bewaring" geneem het.

In 1947 het die nasionale politieke party 'n verdere afdraende stap gedoen. Die party het naamlik op sy kongresse besluite laat aanneem waardeur hy openlik die stryd teen die Afrikaner se republikeinse beskouing aanknoop.

### DIE STRYD TEEN DIE REPUBLIEK

**Die party het hom verbind tot die bestryding van alles en almal wat voorstanders is van die Afrikaner se republikeinse staatsideaal, nl. die partylose staat van die Boererepublieke. Die nasionale politieke party het finaal gekies: Hy wil nie terugkeer tot die republikeinse tradisie van die Afrikanervolk nie; hy gaan hom beywer vir die bestendiging van die Britse tradisie en vir die verewiging van die Britse partystelsel in ons land.**

Die nasionale politieke party beklemtoon dat „partyskap" vandag vir hom hoofsaak is. Nie die vorm van die staat—Republiek of Dominium—nie, maar die inhoud van die staat „partyskap" weeg by die party die swaarste. Terwille van hierdie uitheemse inhoud is die party bereid om 'n broedertwis met mede-Afrikaners in die O.B. te ontketen, omdat hulle die Britse partystelsel verwerp.

### PERTINENTE VRAAG

Ons wil aan die nasionale politieke party pertinent hierdie vraag stel:

**As die H.N.P. die Republiek waarvoor hul vaders geveg het, kan kry . . . . die Republiek waarvoor De Wet, De la Rey, Beyers en ander geveg het en waarvoor die vrouens en die kinders by die tienduisende gesterf het . . . . . as die H.N.P. daardie Republiek kan kry — sal hulle hom aanneem met dankbaarheid en met trane van vreugde . . . . . of sal hulle hom verwerp OMDAT HY PARTYLOOS WAS?**

# Amerikaanse Parlements-Lede Besoek Europa

**Die noordelike halfrond staan op die vooraand van nog 'n winter. Vir baie miljoene mense, veral in die sogenaamde bevryde lande van Europa en Asië, sal die knagende pyne van koue en honger 'n groter verskrikking wees as die oorlog met sy brandbomme en ander vernietigingswapens. In die magtige en welvarende V.S.A. word owerheid en volk hoe langer hoe meer bewus van die naderende krisis wat dreig om groot dele van Europa en Asië te oorweldig. Vandaar die baie positiewe Amerikaanse rekonstruksieplanne in teenstelling met die negatiewe frustrasiewerk wat nie alleen van die vergadering en raad van die V.V.O. nie, maar ook van menige kanselary in Europa en Asië reeds kenmerkend geword het.**

### DIE HERTER-KOMITEE

Een van die jongste stappe van die Amerikaanse owerheid om eerstehandskennis omtrent die nie-Russiese Sentraal- en Wes-Europa in te samel, is die besoek van sowat agtien Kongreslede, onder aanvoering van Christian Herter van Boston, aan Europa. Na 'n verblyf van ses weke in die kranklike Europa het hierdie Kongres-party onlangs met 'n massa gegewens na Amerika teruggekeer. Eersdaags sal hy 'n verslag oor Europese toestande opstel en aanbevelings maak insake die bystand van die V.S.A. aan die geteisterde Europa. Uit persoonderhoude met lede van hierdie gesaghebbende „Select Committee on Foreign Aid" het die wêreld reeds met sommige van hul Europse indrukke kennisgemaak.

### DIE KOMMUNISTIESE GEVAAR

Die Komiteelede is dit roerend eens en ook uitgesproke oor die kommunistiese gevaar in Europa. Hulle het met eie oë kommunistiese terrorisme in Trieste gesien en met kommunistiese leiers in Italië, Frankryk en Engeland kennisgemaak. Hierdie kommunistiese leiers is volgens die Amerikaners „tough, hard fanatical, well-financed and clever" en hulle het die hele Europese ellende vir die propageer van hul kommunistiese wêreldbeskouing tot hul beskikking. Wat vir die Amerikaners veral onrusbarend is, is die traaknie-agtigheid van Europese volke. Die regerings sou meesal in die hande wees van manne wat oud en moeg is en wat nie oor die daadkragtigheid en beslistheid van die kommuniste beskik nie. Die sluste en gevaarlikste onder die Rooies sou, volgens die kongresmanne, die Italiaan Togliatti wees.

### DIE AMERIKAANSE STEM NIE GENOEG GEHOOR

Volgens die kongresmanne kom die Amerikaanse standpunt nie tot sy reg in Europa nie. In Frankryk sou die Kommuniste bv. oor al die beste koerante beskik. As die V.S.A. graan na Frankryk stuur dan swyg die koerante dit dood. As Rusland egter een bootlading graan na Frankryk stuur, al moet die Franse vir die transport daarvan sorg en daarvoor in Amerikaanse dollars betaal, dan maak die Franse so 'n ophef van die gebeurtenis dat dit lyk of die millennium aangebreek het. Die volke neig weliswaar tot die V.S.A., maar hulle word onophoudelik met kommunistiese propaganda vergiftig. En Amerika sou feitlik niks doen om hierdie vergiftiging te bestry nie. Baie mense in Europa sou ook onder die waan verkeer dat die Marshall-plan reeds 'n voldonge feit is en dat hierdie plan, met sy program van uitvoer na Europa, uitgedink is om die V.S.A. van ekonomiese ineenstorting te red.

### TOESTANDE IN VERSKILLENDE EUROPESE LANDE

Oor elke afsonderlike Europese land gaan die Kongresmanne verslag doen. Maar reeds nou al is dit duidelik dat die rekonstruksieplanne van die twee vernaamste Europese state, Brittanje en Frankryk, hulle nie erg imponeer nie. Volgens een se oordeel „Britain is disintegrating in the greatest order ever displayed and France is recovering in the greatest chaos imaginable." Die sleutel van Brittanje se genesing is die produksie van steenkool en in hierdie opsig sou Brittanje hopeloos gefaal het. Die mynwerkers, in vrees vir meganisering, sou hardnekkig aan ouderwetse metodes vashou en in die kort arbeidsweek volhard omdat meer as die helfte van hul ekstra dagloon in die vorm van belastings die staat ten goede sou kom. Die Franse sou nog nie van die morele skande van die Duitse besetting herstel het nie en sou lusteloos en vol agterdog teen mekaar wees. Die Franse boere is onwillig om hul produkte vir waardelose franke te verkoop en die gevolg is dat die stede deur hongersnood bedreig word.

Italië sou desperaat wees en waarskynlik die land wat die grootste gevaar loop om in die Kommunistiese kamp te beland. Noord-Europa is brandarm en die Finne vind dit moeilik om hul vee te voed. Griekeland het stuiptrekkings en die Griekse leër word grotendeels gebruik om belangrike mense en hul besittings te beskerm. Dit sou goedkoper wees om 15,000 kommunistiese guerillas om te koop om hul goed te gedra as om 'n ondoelmatige Griekse leër van 150,000 man op die been te hou. In Duitsland het die Kongresmanne gevind dat die Duitsers ten spyte van ondervoeding hard aan die werk is. Die denasifikasie program het die herstel van die land vertraag aangesien honderd-duisende vakmanne vandag hande-arbeid moet verrig eenvoudig omdat hulle eenmaal partymanne was.

## *Buitelandse Oorsig Deur Dr. J. A. Wiid*

### SAL DIE V.S.A. REDDING BRING

Die verslag van hierdie komitee, hoewel dit waarskynlik niks oor Europa sal bevat wat nie reeds bekend is nie, sal sonder twyfel help om die sogenaamde Truman-leer en Marshall-plan deur die Amerikaanse Kongres te loods. Die teenstelling tussen die kapitalistiese V.S.A. en die kommunistiese Rusland sal daarmee 'n nuwe stadium bereik. Saam met die jongste kentering in Europa wat in die Franse en Britse munisipale verkiesings tot uiting gekom het, lyk dit tog of nie die Pyreneë nie maar wel die Elberivier die tydelik grens tussen die Weste en die Ooste gaan word. Maar ook hierdie grens sal 'n blywende genesing van Europa nie bewerkstellig nie. Sonder die herstel van Duitsland sal die herstel van Europa immers nie moontlik wees nie en met die Anglo-Saksiese vernietiging van Duitse nywerheidswerke en met die Pole aan die Oderrivier en die Russe in Oos-Pruise sal die rekonstruksie-pogings van Amerikaanse biljoene die stempel van 'n onbegonne taak dra. En dan het Amerika ook nog sy eie binnelandse sorge soos inflasie van sy geldwese, die gevaar van nuwe nywerheidsontwrigtings, ens.

Die noordelike halfrond staan op die vooraand van die winter. Baie miljoene mense in Europa en Asië stel nie belang in die politiek nie maar wel in voedsel, kleding, behuising en steenkool. Sal die V.S.A. aan hierdie mense verligting bring of sal die noodlydendes hulle in hul wanhoop en ellende tot die Kommunisme wend? 'n Oorweldigende krisis staan voor die deur van die hele mensheid.


## Verjaardagviering

**KOMDT.-GENERAAL EN ADJUNK KOMDT.-GENL.**

**SATERDAG, 22 NOVEMBER, 1947 om 8 n.m.**

**STADSAAL, PAARL.**

*ONTHOU HIERDIE DATUM!*

## REISPROGRAM A 14

## Genl. W. R. Laubscher,

**O.B.-VOORLIGTINGSOFFISIER**

**sal die volgende vergaderings toespreek.**

**Bevelvoerende genl. J. W. C. Steenkamp sal hom vergesel**

**NIEUWOUDTVILLE, MAANDAG, 17 NOV., 10 v.m.**
**CALVINIA (Ou Kerksaal), MAANDAG, 17 NOV., 8 n.m.**

**MIDDELPOS, DINSDAG, 18 NOVEMBER, 10 v.m.**
**SUTHERLAND, DINSDAG, 18 NOVEMBER, 8 n.m.**
**WILLISTON, WOENSDAG, 19 NOVEMBER, 10 v.m.**
**KLIPWERF (Dist. Calvinia), DOND., 20 NOV., 10 v.m.**

**— ALMAL HARTLIK WELKOM! —**

# Voorbereidings Vir K.G.-Vergadering

**Die offisiere wat belas is met die reëlings vir die groot K.G.-vergadering wat jaarliks in die Paarl gehou word, het Dinsdagaand, 28 Oktober, onder leiding van komdt. Andre du Toit in die huis van genl. Willie Marsh vergader om die program vir die verrigtinge te bespreek.**

Saterdagaand, 22 November, gaan die K.G. en die A.K.G., as laasgenoemde se gesondheid dit toelaat, in die Paarl optree en die offisiere is reeds besig om alles in orde te bring vir dié geleentheid.

**Die feit dat die Grootraad op 11, 12 en 13 November in Johannesburg vergader en dat die Paarl-vergadering die K.G. se eerste openbare optrede daarna sal wees, onderstreep vanselfsprekend die belangrikheid van die vergadering in die Paarl.**

Die voorlopige program dui daarop dat die dag 'n ware O.B.-feestelikheid sal wees. Daar sal onder andere 'n groot optog deur lede van die O.B. wag en Boerjeug wees. Die O.B. blaasorkes sal hulle bystaan.

Offisiere en brandwagte in Wes-Kaapland moet onthou dat alle paaie op 22 November na die Paarl lei.

## FUNKSIES


**DIE VROUEKOMMANDO VAN GROOTE SCHUUR bedien op Vrydag 7 November 'n heerlike ete in die O.B.-Vriendskapsentrum op die sesde verdieping van die Groote Kerkgebou, Kaapstad. Komdte. M. C. Pienaar nooi alle brandwagte en vriende om van die heerlike geregte van die kommando te kom nuttig.**

## Rekord Koringoes

Die moontlikheid van 'n buitengewone koringoes in die Vrystaat is die afgelope week deur die Minister van Landbou in die vooruitsig gestel. Die Vrystaat sal vanjaar moontlik ses miljoen sak koring lewer. Dit is veral te danke aan die goeie reëns wat onlangs uitgesak het.

## Diefstalsaak Teen Britse Immigrante

Twee Britse immigrante, Jane Livingstone (33) en Gerald Hastings (36), het verlede week in die Johannesburgse magistraatshof verskyn op aanklag van diefstal deur valse voorwendsels. Geen getuienis is gelei nie en die saak is uitgestel tot 13 November. Borgtog is vasgestel op £500 elk.



„Die Kleine Wonder"

STEENMAAK-MASJIEN

(Vir die maak van Sementstene)

Maak standaard-grootte Sementstene (9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm.)

*Doen navraag by u naaste Handelaar of skryf direk aan:*
Fabrieksverteenwoordiger:

JOHANN H. BUHR,
Posbus 18, Hopefield.

*Handelsnavrae word verwelkom.*


# Onvoorwaardelike Samewerking

## Soos Ons Lesers Dit Sien

**„Logies", Kaapstad, skryf:**

Vergun my om deur middel van u blad 'n paar van my persoonlike indrukke oor die wedersydse saamwerk-geskerm tussen die O.B. en die H.N.P. weer te gee.

Dit is begryplik waarom dr. Malan nie O.B.'s in die gelede van sy party wil toelaat nie. Dit pas die party op die oomblik om as beleid die Britse Parlementêre „demokrasie" te verkondig. Dit sou m.i. dus gevaarlik wees om O.B.'s met hul lewenskragtige Calvinistiese lewensbeskouing, wat, hoewel baseer op die eg demokratiese stelsel van die ou republieke, uit onkunde of andersins deur vyandiggesindes as „nazisties" bestempel word, binne die verrotte mure van die uitgediende ou Britse stelsel toe te laat. Dr. Malan as leier van die H.N.P. kan uit blote oorweging van selfbehoud nie verdere rysmiering van sy reeds bouvallige paleis toelaat nie.

ONVOORWAARDELIK

Maar daar is 'n ander saak, wat ten aansien van die party se selfbehoud deur die leiers van die H.N.P. uit die oog verloor word. Dit is die volgende eleksie. Hul moet dit wen of dis met hulle klaar. Nou stel dr. Malan voorwaardes aan dr. Van Rensburg. Besef hy nie dat, al sou laasgenoemde toegee aan hierdie eise, ek en saam met my tienduisende ander O.B.'s sy (dr. Van Rensburg se) leiding dan nie meer sal volg nie. Op hierdie manier sal die party dan sekerlik meer stemme verloor as wanneer hy ons hulp aanneem soos ons dit aanbied. Die party mag dr. Van Rensburg se stem kry, maar nie myne nie. Nee, die hoofvereiste vir samewerking en oorwinning is geesdrif en daarvoor is 'n onvoorwaardelike samewerking nodig.

NIE LOGIES NIE

'n Verdere punt wat my tref is die gebrek aan logika in die opposisie se redenering. In sy kongrestoespraak op De Aar sê dr. Malan dat O.B.'s wat, met behoud van hul beginsels, by die A.P. aansluit, troubreuk pleeg teenoor laasgenoemde party. Tog vra dr. Malan in dieselfde asem dat O.B.'s hul beweging se beginsels moet verloën en met behoud van O.B.-lidmaatskap by die N.P. aansluit. As eersgenoemde dan ontrou teenoor die A.P. is, sekerlik, dan is laasgenoemde groter ontrou teen die O.B. En verdien die O.B., wat in dié geval, ten spyte van sy beginsels, sy hulp belangeloos aanbied, dan nie meer trou as enige van die hulpbehoewende partye nie?

## Woordjie Van Waardering

**Genl. M. M. Smith, Pretoria, skryf:**

Ek wil graag deur middel van die Die O.B. my dank en waardering uitspreek aan al die stafoffisiere van die Elandskraalse Boerejeuglaertrek (dist. Rustenburg) vir die bekwame en gewillige wyse waarop hulle my bygestaan het gedurende die laertrek, wat op 4 Oktober begin het en op 13 Okt. afgesluit is. Baie dankie.

## Samewerking Deur Misleiding

**Mnr. Wallie Melville, P. K. Riverton, skryf:**

Dit is werklik patesies om al die oproepe en smekinge tot samewerking vandag te verneem. Gepaard daarmee word die wêreld-toestande, veral waar dit ons hier te lande raak, swart en onheilspellend voorgehou as rede vir samewerking. Onder omstandighede is sulke buitengewone begeertes ook heeltemal te begryp, maar wat my dronkslaan is waarom die dringend noodsaaklike eenheid dan so jammerlik skitter met sy afwesigheid. Wat skeel dan aan ons volk? Is ons dwalende in die woestyn? Het ons ook al die „V.V.O.-stadium" bereik? Kan daar dan tog nie verdraagsaamheid, geduld, naasteliefde en vertroue deur beide die O.B. en die H.N.P. aan die dag gelê word nie? Myns insiens is die antwoord beslis en onweerlegbaar bevestigend, want afgesien van alles is albei Christelike organisasies.

Die H.N.P. aan die een kant beduie dat geen O.B.-lede tot sy geledere toegelaat kan word nie omdat die O.B. 'n partylose gesagstaat voorstaan. Dit is 'n absoluut logiese gedragslyn omdat dieselfde ding nie tegelykertyd afgeskaf en ondersteun kan word nie. (Behoort sulke logiese beredeneringe egter oorsaak te wees dat die verkiesing verloor word?)

Aan die anderkant verklaar die O.B. dat hy nog altyd die voorstander van 'n gesagstaat is en homself die afskaffing van politieke partye ten doel stel. Alles goed en wel, maar nou is tog seer sekerlik nie die tyd om dit so pertinent onder H.N.P.-lede se aandag te bring nie. **Kan die partylose gesagstaat dan nie ook maar voorlopig in die yskas geplaas word nie? Of u dit glo of nie, maar die H.N.P. begeer ook om uiteindelik 'n Republiek te verkry. Dog onder omstandighede is dit oulike taktiek om dit nêrens in te vryf nie, want dit kan dalk etlike ontevrede Engelssprekendes, wat vir hom mag stem, afskrik.**

**Die vraag ontstaan nou of dit nie goeie taktiek van die O.B. sal wees om die ideologiese standpunt tydelik te verswyg nie. ('n Aanvoerder maak mos nie sy krygsplanne vooraf bekend nie).** Deur dit te doen sal die samewerking waarna ons almal smag moontlik gouer kom en daarna die omverwerping van die Smutsbewind. En sal die O.B.-ideaal dan nie waarskynlik spoediger verwesenlik word nie? Kom, boere, wees moedig; staan bymekaar en u sal sien.

(U sê dat die H.N.P. Engelssprekendes se stemme gaan kry deur hulle te mislei omtrent die party se republikeinse strewe. Nou wil u hê dat die Ossewabrandwag weer op sy beurt die H.N.P. moet mislei omtrent sy ideaal van 'n partylose republiek. Nee, die O.B. glo nie aan misleiding nie. Dit was nie nodig vir die O.B. om die Afrikanerparty te mislei teneinde met hom saam te werk nie; dit behoort ook vir die H.N.P. moontlik te wees om met die O.B. saam te werk sonder dat die O.B. eers die party moet mislei.

As dit „logies" is dat 'n voorstander van 'n partylose staat nie 'n lid van 'n party mag wees nie, dan is dit ook „logies" dat 'n party wat volgens u 'n voorstander van 'n republiek is nie Sy Majesteit se regering of opposisie mag wees nie.—Red. Die O.B.)


*Is Medisyne Noodsaaklik?*

*Die Natuurwetenskap sê nee!*

BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES

Met Verbasende Uitslae

GEEN MEDISYNE!

GEEN OEFENINGE!

Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepasisng van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE
Posbus 1336 — KAAPSTAD



PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton



VIR PERSOONLIKE FRISHEID



KWV-
EAU de COLOGNE

*Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders*
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 2108, Kaapstad.
Posbus 4883, Johannesburg.

4·47

DIT IS 'N SUID-AFRIKAANSE PRODUK



*Hulle is hier—*
*Hulle is daar*
*Hulle is ORAL!*

20 vir 11d.
ook te koop
teen
50 vir 2/2d.
10 vir 5½d.




Daar is 'n groot vraag na Ronde Kommando in die stad rond

Hulle is koel, rook lekker met 'n eie geur wat hulle elke dag meer vriende besorg.

Kommando
RONDE - SIGARETTE

BH 2885

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na **Posbus 28, Stellenbosch,** en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

## HUWELIK

**Vir Partytjies,** resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner-Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## BENODIG

**GETROUDE VOORMAN** vir wingerdplaas in Robertson distrik. Nie te groot gesin nie. Vorige ondervinding nie nodig nie. Meld salaris verlang. Naby skool.
Rig aansoeke aan: p/a WARREN, SMITH EN WHITE, Posbus 41, Robertson.

**TWEE FLUKSE,** eerlik en sober **ongetroude voormanne** om te help gedurende tydperk 1 Februarie tot in April. Skrywe omtrent salaris en ander besonderhede aan **„WIL WEET,"** Avondson, Breërivier. 5/11/3

## BOME, PLANTE EN SAAD

**BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.**—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

**GROENTESAAD.** — Detroit en Egiptiese plat beet 7/6; Chanteney-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waatlemoen 10/-; Kropslaai 17/6 per lb. Almal 6d. duurder per ½lb. Handelsnavrae verwelkom. — KARROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 20/8/TK

**LUSERNMEEL** van die beste gehalte, 9/- per 100 lb. tot 4 ton, daarna £8/10/- per ton; gebaalde lusern, £6/10/- per ton. Gelewer Koffiefonteinstasie. Sakke moet bestellings vir lusernmeel vergesel.—**MOUTFABRIEK EN MEULE,** Koffiefontein. 5/11/2B

**PATATRANKE.** — Op hul beste, bestel dadelik. Driemaande wit 10/- per 80 pd.; 7/6 per 60 pd. sak. Ses- of driemaande wit en borrie steggies 6/6 per 1,000. Gelewer Serpentine. K.M.B. — P. J. GERBER, Hoekwil, GEORGE. 15/10/TK

**PATATRANKE.**—In voorraad, 6 maande, 10/- per 1,000; wit, drie maande, 8/- per 1,000; Borrie, 10/- per 1,000. **PATATS.**—11/- per sak. K.M.B. Gelewer Serpentine. — **H. ROELOFSE,** P/s Serpentine, George. 29/10/TK

**PATATRANKE.**—Topranke in voorraad, mooi uitgeloop, 6 maande, 9/- per 1,000; wit, drie-maande, 8/- per 1,000; Borrie, 10/- per 1,000. **PATATS.**—12/- per sak. K.M.B. Gelewer Serpentine.—**H. ROELOFSE,** P/s Serpentine, George. 5/11/TK

**VRUGTEBOME.** — Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons puik voorrade verseker tevredenheid, maar ....die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERY, Posbus 660, JOHANNESBURG. AA/26/3/TK

## DANKBETUIGING

**LOURENS.**—Graag wil ek my innige dank betuig aan familiebetrekkinge en vriende vir hulp, kranse, telegramme en briewe tydens die siekte en heengaan van my dierbare eggenoot. — Die bedroefde eggenote en kinders. 5/11/1

## GEMENG

**WIL GRAAG HUUR.**

**KAMER EN MOTORHUIS:** Is daar nie iemand in **Stellenbosch** wat 'n kamer en 'n motorhuis vir 'n persoon beskikbaar het nie. Het dringend nodig. Rig besonderhede aan **XYZ,** Bus 28, Stellenbosch. 5/11/1B

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL. Langstraat 291 KAAPSTAD. Foon 30164 **4879/26**

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## HORLOSIEMAKER

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET.** — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

**VRIENDE:** Ek lewer sout in goeie graansakke—A1, 59/-; No. 1, 54/-; en No. 2, 49/- per ton. Tevredenheid gewaarborg èn onmiddellike versending.—**S. J. DE BEER,** Soutwerke, P.K. Florisbad. 5/11/TK

## TE KOOP AANGEBIED

**7 GRAAD DUITSE MERINO-RAMME** van 5 en 6 maande oud: 4 teen £15 stuk en 3 teen £10 stuk. Skryf aan **J. D. KRIEL,** Silver Oaks, Robertson. 5/11/2B

**„PLYMOUTH ROCK"-HANE.**— Vier maande oud. V.O.S. £1 1s. stuk. Hierdie hane is goed uitgegroei en groot vir hul ouderdom. — J. G. KEMP, Bus 16, KIRKWOOD. 22/10/4

**TWEE BUITEBANDE,** 225 x 19, slegs 40 myl afgelê. Prys £3 per stuk.—**KOTZE,** Duffstraat 8, Tiervlei. 5/11/1B

**VRUGTEPLAAS, DISTRIK-CERES.**

— Eersteklas Ceres-vrugteplaas uit die hand te koop met bestaande oes ingesluit. Groot ongeveer 67 morge en beplant met ongeveer 7,000 vrugtebome, perskes en pruimedante, in volle drag. Twee myl van P.A. Hamlet. Bruto inkomste ongeveer £5,000. Gerieflike woonhuis met buitegeboue. Prys billik. Twee-derdes op eerste verband teen 4½ persent. Verband nie oproepbaar vir 'n aantal jare. Besit dadelik. Verdere besonderhede van S. J. HAUPTFLEISCH, Bus 6, Telefoon 11, CERES.

A.V.B.O.B.
**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**
**Bloemfontein — Pretoria**
**130 Takke**

**G. A. FICHARDT, Bpk**
**(Lid Afrikaanse Handelsinstituut**
**MASJINERIE, YSTERWARE PRODUKTEHANDELAARS**
**Foon 700** **Opgerig 1848**
**BLOEMFONTEIN**

## Jaarboek 1948
### OSSEWABRANDWAG, GEBIED F
**NOORD-TRANSVAAL**

- 'n Prag-uitgawe
- Geïllustreer met 21 bladsye fotos van:
  - ★ Laertrekke
  - ★ Optogte en baie ander belangwekkende fotos.
- Voorligtingstukke vir:
  - ★ Die Boerejeug
  - ★ Die Kommandowag
  - ★ Die O.B.-vrou
  - ★ Die O.B.-man
- Boeiende verhale o.a. een van S. J. de Jongh.
- Hierdie uitgawe is baie groter as die van 1947, dit beslaan 96 bladsye en bevat baie waardevolle inligting.
- Die oplaag sal gereed wees vanaf 1 Desember.
- Plaas u bestelling vroegtydig en maak seker dat u hierdie geskiedkundige uitgawe ontvang.

**PRYS 2/6**

**Bestel van:**
Die Administratiewe Stafhoof,
**Posbus 1230, PRETORIA.**

# Duitse Lugaanvalle Bring Dalk Verligting Vir Hoë Bloeddruk-Lyers

**Die Duitse lugaanvalle op Londen was verantwoordelik dat wetenskaplikes na baie jare se vrugtelose gesoek na die oorsaak van hoë bloeddruk, heeltemal toevallig op die oorsaak van hierdie siekte wat al so baie lewens geëis het, afgekom het.**

Volgens beskikbare gegewens blyk dit dat hierdie siekte in Amerika vir sowat een-derde van die sterfgevalle verantwoordelik is. Ook in ander lande het dit baie slagoffers geëis. Die jongste ontdekkings sal baie medici verplig om hulle opvatting, oor wat die oorsaak van die siekte is, te laat wysig.

Hoë bloeddruk word, volgens die jongste bevindings veroorsaak deur 'n „kortsluiting" van die bloed in die niere wat veroorsaak word deur te veel opwinding.

### TOEVALLIG

Net soos die ontdekking van die wondermiddel, penicillin, deur Alexander Fleming, 'n ongeluk was, so was dit ook weer hierdie keer die geval. Tydens die lugaanvalle op Londen het die geneeshere verbaas gestaan oor die verskynsel dat so baie persone wie se bene vasgeval is en nie verder beseer is nie, sommer skielik beswyk omdat die niere nie langer hul werk wil doen nie. Om uit te vind wat die vasgevalde bene met die niere te doen het, het die Spaans-gebore medikus, dr. Josep Trueta begin met eksperimente op konyne aan die Britse Navorsingsinstituut.

Hy het die bene van konyne aan drukking onderwerp en Indiese ink in hulle are gespuit om die vloei van die bloed met X-strale vas te stel. Hy het gevind dat die aanhoudende drukking op die are van die bene trekkings in die omliggende bloedvate veroorsaak wat die normale vloei van die bloed in die niere verhinder. Dit het verklaar waarom persone sterf as hulle bene vasgeval word.

### MET OMPAD

In die loop van sy eksperimente het hy egter op baie interessante verskynsels afgekom. Medici het reeds lankal vasgestel dat die bloed 'n vasgestelde baan het waardeur hulle in die niere vloei nl. deur die buitenste gedeelte (cortex). Dr. Trueta het nou vasgestel dat die niere egter ook voorsiening maak vir 'n ompad waarlangs die bloed kan vloei in noodgevalle. Die bloed vloei dan naamlik deur groter bloedvate wat in die binneste van die nier geleë is. Dit veroorsaak dan dat die cortex gebrek het aan suurstof en bloed. Dit gee aanleiding dat die produksie van urine ge deeltelik of heeltemal ophou en dat die cortex (buitenste bloedvate van die nier) hormone afskei wat die bloeddruk dwarsdeur die liggaam verhoog.

### VATE DRUK TOE

Verdere eksperimente het getoon dat die „kortsluiting" van bloed in die niere ook veroorsaak word deur elektriese skok op sekere senuwees van die liggaam. Die inspuiting van sekere stowwe het soortgelyke resultate gelewer. Hierdie prikkeling het tot gevolg dat die senuwees die bloedvate van die niere toedruk sodat die bloed nie deur die klein bloedvate kan vloei nie maar deur die grotere vate moet gaan. Gebrek aan bloed in die cortex veroorsaak dan die hoër druk van die bloed wat 'n normale poging van die liggaam is om bloed in die cortex te forseer.

Medici was bewus dat sekere soorte hoë bloeddruk deur emosionele verstorings veroorsaak word. Wat dr. Trueta gedemonstreer het is die fisiologiese ketting-gebeure wat aanleiding gee tot die verhoogde drukking van die bloed. Die oorsaak van hoë bloeddruk setel dus hoofsaaklik in die senuweestelsel, volgens die bevindings van die navorsers.

Nou dat die oorsaak van die siekte ontdek is, bestaan daar ook 'n moontlikheid vir die genesing daarvan.

# Rusland en Hollywood

Rusland is deur die komitee vir on-Amerikaanse sake, wat ondersoek instel na die bedrywighede van Kommuniste in Hollywood, daarvan beskuldig dat hy in 1942 gepoog het om atoomgeheime in die hande te kry deur 'n Amerikaanse werker om te koop. Getuies het verklaar dat die omkoopsgeld deur Ivanov, voormalige Sowjet-konsul in San Francisco aangebied is. Die Amerikaanse amptenaar het egter geweier om die inligting te verstrek.

# Kommuniste Oorsaak van Lugramp?

**Kommunistiese sabotasie is verantwoordelik vir die onlangse vliegtuigongeluk in V.S.A. waardeur 52 mense gedood is, volgens die mening van die voorsitter van die onderkomitee vir lugvaart van die Amerikaanse hoërhuis. Die groot bergbrande wat tans in Nu Engeland heers, moet ook aan Kommunistiese sabotasie gewyt word, het hy gesê.**

# Vlug Vir Russe

As gevolg van die optrede van die Kommuniste in Pole is Mikolajczyk, voormalige Poolse eerste minister en sterk teenstander van die Kommuniste, verplig om vir sy lewe te vlug. Hy verkeer tans vermoedelik in Swede. Hy is leier van die Kleinboereparty en sal na verwag word probeer om Brittanje te bereik waar asiel aan hom verleen sal word.

# L.V. Verban: Sê Britse L.V's Is Dronk

'n Lid van die Britse Arbeidersparty, Garry Allighan is die afgelope week as lid van die parlement verban omdat hy 'n artikel in die World's Press News geskryf het waarin hy beweer het dat sekere van die lede van die parlement in die omgewing van die laerhuis onder die invloed van drank was. Hy is skuldig bevind van minagting van die huis.

Allighan is verder daarvan beskuldig dat hy geheime inligting aan die pers verskaf het insake sekere besprekings in die Britse parlement. Die voorstel dat hy geskors word as lid van die huis, is met 187 stemme teenoor 75 aangeneem.

'n Ander Arbeiderlid, Walkden, is skuldig bevind dat hy betaling ontvang het vir geheime inligting oor parlementêre aangeleenthede wat hy aan die buitewêreld verstrek het.

# Russe Wil Atoom-Deskundige Ontvoer

Die Russe het die afgelope week gepoog om 'n Duitse atoomdeskundige, Werner Heisenberg, uit sy huis in Göttingen te ontvoer en na Rusland te neem. Hulle poging het egter misluk. Heisenberg is 'n winner van die Nobelprys en woonagtig in die Britse besettingsgebied.

Behoort JY aan die Verjaardagketting? Nie? Stuur dan jou naam, adres, geboortedatum (jaar en dag) en 3d. vir administrasiekoste, aan Boerejeug-hoofkwartier, Meyergebou 9, Potchefstroom. Lede van die Ketting ontvang 'n pragtige kaartjie van gelukwense met hul verjaardag en ons publiseer ook hul name in „Die Boerejeug". Die ketting is oop vir almal (ook Boerebaba's) tot 18 jaar.

# WAARVOOR HET S.A. GEVEG?

**Engeland het op 3 September 1939 die oorlog ontketen om Poolse baasskap oor 'n stukkie Duitse grondgebied wat laasgenoemde terug wou hê, te verseker. Vandag is Rusland baas in Pole en weier duisende Pole in Engeland om na hul kommunistiesbeheerde vaderland terug te keer. Poolse volksleiers word verplig om as gevolg van kommunistiese vervolging, uit hul vaderland te vlug om hul lewe te behou.**
**Tot watter nut was die oorlog vir Pole en watter resultate het dit vir Suid-Afrika gebring?**

DIE
Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 5 NOVEMBER 1947.

# Suksesvolle Laertrek In Noorde Gehou

**„Aai, man dit is nou net vyf weke gelede dat ons daardie aand om die kampvuur so heerlik aan daardie groot pannekoeke gesmul het. Onthou jy nog? Elke dag van die week dink en terug aan wat ons daar in die laer gedoen het. Môre is dit mos . . . . ."**

So klink dit vandag seker nog in menige huis en klaskamer as twee Boerejeuglede wat die laertrek gedurende die Oktobervakansie op Elandskraal, naby Rustenburg, bygewoon het, bymekaarkom. Vir ons kamerade wat nie so gelukkig was om daar teenwoordig te kon wees nie, wil ons graag so ietsie van die laer vertel.

Saterdagmiddag, 2 Oktober was daar al by die twee honderd van ons in die laer twee dae by ons gebly. Dit was lekker om hom daar te hê. Hulle sê mos hy is die pa van ons almal. Dit is maar goed dat ons nie almal so stout soos ek is nie, anders sal hy maar 'n moeilike tydjie hê. Die volgende dag het die K.G. ons ook kom besoek en vir ons vertel hoekom ons nou eintlik aan die Boerejeug behoort en wat ons plig is. Hy het ook twee boeke gegee wat aan die brandwagte wat die beste in die laer opgetree het, toegeken moes word — ek het natuurlik nie een gekry nie, want ek is mos soos die K.G. sê „'n rowwe Jack".

Vrydag het ons met 'n paar vragmotors Pretoria-toe gegaan om by die Krugerfees teenwoordig te wees. Die oggend het ons eers 'n besoek gebring aan oom Paul se huis en die middag aan die optog na sy standbeeld deelgeneem. Maar dit was vir jou 'n mooi gesig, daardie rye en rye Boerejeug en O.B.-lede wat so netjies in gelid en agter mekaar stap. Die dromme het gedreun en die mense het hande geklap. Die optog sal seker klein gewees het as ons nie daar was nie, want ons was somar baie.

Daar is nog baie om te vertel, maar man, my tyd is min. Hierdie was my eerste laertrek wat ek en ook baie ander oudjies bygewoon het, maar glo my, van so 'n sametrekking bly ek en hulle ook glo nooit weer weg nie. Volgende keer is jy ook seker daar!

## Laerinspeksie op Elandskraal



En dit het net woelig en jolig gegaan. Eers was dit tente opslaan, hout aandra, afdeling indeel, en so baie ander dinge dat ek amper alles vergeet het. Maar dit was lekker, en gou-gou was alles in orde. Jong, maar so 'n laer lyk regtig mooi as so 'n klomp flukse Boerejeuglede daar gewerk het — die rye tente, skoon paradegrond en mooi kombuis.

**LESINGS**

Die maandag het ons somar gou in die tuig gespring. Dit was nie lank nie of ons almal het geweet hoe mens moet salueer, netjies stap, komberse oprou en vlaghys. En die dogters wat nie kon koskook nie, weet seker nou hoe om dit te doen, of hoe sê ek? Gedurende die eerste paar dae in die laer het ons na baie interessante lesings geluister wat 'n paar leiers kom gee het. Die praatjies was oor blomrangskikking, biblioteekwese, leerwerk, en vir die ander oudjies wat slimmer as ek was, oor staatstelsels en arbeidsdiens. Vir die offisiere is daar spesiale voorligting gegee.

Maar dit was nie net alles lesings nie. Wat die lekkerste was is seker die kampvuur en volkspele. Daar het ons elke aand bymekaar gekom om vrolik saam te sing en onsself te geniet. En daardie grappe — ek wens ek kon dit vir julle oorvertel. Jy vra of ons geswem het? Natuurlik, maar nie ek nie, ek kan mos nie swem nie. Maar die water was darem lekker na so 'n dag se gewoel op die paradegrond. Volgende jaar sal ek ook kan swem.

**DIE JEUGLEIER EN K.G.**

Woensdag-aand het ons Jeugleier die laer kom besoek en vir

## Verjaardagketting

**November**

5 Emmie Steyn, Stellenbosch.
Elizabeth Aggenbach, Aughrabies.
6 Theunis Geldenhuys, Wellington.
Hennie Dempers, Heidelberg, K.P.
Maryna Wolmarans, Karreedouw.
Louisa Pretorius, Frankfort.
7 Ann Pickard, Paarl.
Annalies Reitz, Stellenbosch.
Jacobus Schutte, Potchefstroom.
8 Loffie van der Merwe, Slabberts.
Danie Siebrits, Franschhoek.
9 Johannes Muller, Aughrabies.
Elizabeth Knoesen, Buurmansdrift.
10 Jan Nieuwoudt, Stella.
Willie van Zyl, Outjo, S.W.A.
Stefanie Siebrits, Franschhoek.
11 Roelof Joubert, Bosbokrand.
12 Magrita Birkholtz, Frankfort.
13 André le Roux, Wellington.
Lenie Pretorius, Rustenburg.
Christiaan Janeke, Frankfort.
Santie Hugo, Franschhoek.
14 Anna Havenga, Mafeking.
Bertie Louw, Paarl.
Dawn Siebrits, Paarl.
15 Frikkie Dreyer, Frankfort.
Monicá de Bruyn, Frankfort.
16 J. S. Crafford, Stellenbosch.
Allen Breytenbach, Kirkwood.
Christiaan van der Westhuizen, Wellington.
Petra Olivier, Beaufort-Wes.
Hendrik Taljard, Bosbokrand.
Daniel Grobbelaar, Fauresmith.
17 Anna Degenaar, Frankfort.
18 Adriana le Roux, Buurmansdrift.

## GEBIED A!

**Boerejeuglede in Gebied A word hiermee kennis gegee dat daar vanaf 13 tot 20 Desember weer 'n groot laertrek vir hulle op Franschhoek gehou word.**

**Hou ons volgende blaadjie dop vir besonderhede. Intussen kan julle maar vir julle maats daarvan sê en die komberse en eetgereedskap solank begin inpak.**

# Oom At se Brief

Posbus 570,
BENONI.

Liewe Maatjies,

Ons Jeugleier was so vriendelik om my te vra of ek nie vir julle 'n briefie sal skryf nie, en ek doen dit baie graag, want ek wil graag 'n goeie vriend van julle word. Miskien sal ons eendag die geleentheid kry om die meeste van julle op 'n groot Boerejeuglaertrek te ontmoet waar ons dan persoonlik kennis kan maak. As daar van julle is wat miskien lus het om vir my 'n briefie te skryf, sal ek dit nogal baie waardeer. Vra maar enige vraag wat julle wil en ek sal probeer of ek dit nie kan beantwoord nie.

Graag wil ek met julle gesels oor die voorbereiding wat 'n O.B.-seun of -dogter nodig het om eendag sy of haar plek in ons Boere-samelewing te kan volstaan. Hierdie voorbereiding is van drieërlei aard, t.w. dit moet **liggaamlik, verstandelik en geestelik** van aard wees. Vandag gaan ons oor die liggaamlike voorbereiding gesels en dan op 'n later keer oor die ander twee.

Ons **liggaamlike opleiding** kry ons hoofsaaklik op die sportveld, waar ons besig is om ons liggame sodanig te oefen dat dit eendag sterk en gesond kan wees om daarin 'n gesonde gees te huisves. Hoe gewillig 'n seun of dogter ook al mag wees om sy of haar volk te dien, is daardie diens gewoonlik maar baie beperk tensy hulle liggaamlik gesond is. Dit is dan ook een van die redes waarom ons verwag dat lede van ons organisasie nie alleen sal sorg dat hulle deelneem aan gesonde sport nie, (Vervolg in volgende kolom)

maar dat hulle ook rein sal wees in hulle persoonlike gewoontes.

Gelukkig kry ons vandag byna op alle skole die geleentheid om aan een of ander vorm van sport deel te neem, en leer ons die beginsels van persoonlike higiëne. Ook wil ek hoop dat ons Boerejeug aan jukskei 'n ereplek in hul aktiwiteite sal gee, want dit is baie nou verbonde aan ons volksverlede.

Tot sover dan vir vandag. Aanstaande keer gesels ons verder.

Met beste groete,
OOM AT GEERINGH.

# BOEREJEUG-NUUS

## STELLENBOSCH

Stellenbosch se Boerejeug kon onlangs die uitstappie na die Kasteel saam met die afdeling van Kaapstad-sentraal meemaák. Almal het baie daarby geleer en die tydjie ook geweldig geniet. Die jolyt het natuurlik reeds op die trein stad-toe begin.

Daarna het hul 'n laertrek georganiseer van 3—6 Oktober op „Rus-en-Vrede," die plaas van Kommandant Tielman Roos. Almal het asem opgehou vir die weer, maar dié was uiteindelik gunstig en dit was 'n vragwa jolige Boerejeug wat die Saterdagoggend uit die dorp kon vertrek.

„Gou is die kampterrein ingerig," skryf die korrespondent, „en nog dieselfde middag is ons weer op 'n vragwa Strand-toe, danksy die goeie Oom Roos." Die naweek het vlot en volgens program verloop, en o.a. is arbeidsdiens deur beide die seuns en dogters verrig, in die vorm van damskoonmaak en ruitewas.

„Aangenaam-moeg is ons kampverrigtinge Maandagmiddag afgesluit."

## „JONG SUID-AFRIKA"

Vanaf April hierdie jaar, gee die Boerejeugafdelings van Pretoria gesamentlik 'n blad „Jong Suid-Afrika," uit wat maandeliks verskyn. Met hierdie prestasie, en die ondernemingsgees wat aan die dag gelê is, wil ons hulle van harte gelukwens.


In „Jong Suid-Afrika" word spesiaal ruimte afgesonder vir bydraes van die jeug, daar word amptelike mededelings en advertensies in geplaas, veldkornetskapnuus gepubliseer, en aan skerts en gekskeer ontbreek dit natuurlik ook nie! Boerejeuglede van Pretoria sien maandeliks gretig uit na hierdie blad

## „OPSAAL"

Ook die Boerejeugblad van Kaapstad-Sentraal, nl. „Opsaal" maak pragtige vordering. Hulle het spesiale rubrieke vir sport, kuns, nuus, vervolgverhale, grappies, speletjies, en vir dogters. Almal sien gretig uit na die Kersnommer wat belowe om sommer propvol Kersverhale te wees wat die jeug self skryf vir die wedstryd. Alle sukses met julle pogings!

**WERF JY INTEKENAARS OP VUURSLAG?**


# KERSFEESKAARTE




**4 Verskillende Pragontwerpe met O.B.-wapen**

4/6 Per Dosyn

**O.B.-wapen, en Wag- en Boerejeugkentekens in kleure**
**4 van elke ontwerp per stel**

2/6 PER DOSYN



*As u nie 4 van elke ontwerp in 'n dosyn wil hê nie, sal ons u bestelling saamstel soos versoek, dan teen 3/- per dosyn, i.p.v. 2/6.*

*BESTEL DADELIK BY*
**BOEREJEUGHOOFKWARTIER,**
**Meyergebou 9, Potchefstroom.**

## Munisipale Verkiesing

# Uitklophou Vir McPherson-Party

**Die uitslae van die stadsraadverkiesings wat op 29 Oktober in Johannesburg gehou is, het verlede jaar se uitspraak van die kiesers herhaal. Die Verenigde Party het weereens 'n blinkende oorwinning behaal en die sogenaamde „Arbeiders"-party van mev. Jessie McPherson is 'n verdere verpletterende nederlaag toegedien. Die kiesers het hul afkeer aan die kommunisme onderstreep deurdat die enigste „amptelike" kommunistiese kandidaat met 'n oorweldigende meerderheid van stemme verslaan is. Die H.N.P. het sy posisie gehandhaaf—niks gewen nie, dog ook niks verloor nie.**

Dit is bekend dat die Mc-Pherson Arbeidersparty baie sterk onder die plak van die kommunisme staan. Soveelso dat manne soos mnre. Madeley, Henderson, Sullivan, Miles-Cadman, en andere van die party weggebreek het, waardeur mevr. McPherson alleenbeheer verkry het van die rooi brokstuk van die ou Arbeidersparty. Die Verenigde Arbeidersparty (die party van die Madeley-groep) het tydens die munisipale verkiesings 'n beroep op hul ondersteuners gedoen om nie die kandidate van die McPherson-groep te ondersteun nie. Hoe volkome die nederlaag van die McPherson Arbeiders is blyk uit die feit dat vooraanstaande leiers soos mnre. Colin Legum en M. J. Green, L.P.R., die stof gebyt het. Dit het hulle nooit verwag nie!

**In soverre die uitslag van die munisipale verkiesings 'n duidelike verwerping van die kommuniste en kommunistiese „reisigers" is, sal dit allerweë verwelkom word.**

### SAMESTELLING

Die samestelling van Johannesburg se stadsraad is tans soos volg: V.P. 30; McPherson-groep 6; H.N.P. 5; en Onafhanklike 1 — totaal 42.

Die Verenigde Party het vier kandidate onbestrede ingekry; daarby het sewe uit die agt kandidate wat verkiesings geveg het die paal gehaal. Elf V.P.-kandidate is gevolglik verkies.

Die McPherson-groep het sewe kandidate gestel — nie 'n enkele een is verkies nie. Onder hulle was ses vorige raadslede, vyf van wie al vir meer as 10 jaar in die raad dien.

**Die kiesers het hulle gedurende die jare van Madeley-leierskap in die raad gehou; nou is hulle 'n kort rukkie nadat mevr. McPherson hul leier geword het ondubbelsinnig verwerp.**

### VERANDERING?

Die H.N.P. het vier kandidate gestel — waarvan twee verkies is. Dr. Ross, 'n aftredende lid en leier van die party in die raad, is weer herkies. Mevr. Mentz het in wyk 5 die paal gehaal. Hierdie wyk het verlede keer ook 'n H.N.P.-lid na die stadsraad gestuur.

**As mens na die samestelling van die Raad kyk dan tref dit dadelik dat die Afrikaners se verteenwoordiging beslis ontoereikend is. Die verteenwoordiging is gladnie 'n aanduiding van die krag in die getalsterkte van die Afrikaner in die goudstad nie. Die toestand is vatbaar vir heelwat verbetering en miskien ook vir verandering.**

**Die vraag kom by ons op of die Afrikaners van Johannesburg nie die voorbeeld van hul broers op die platteland moet volg nie. Daar bestaan in meeste dorpe 'n wakker belastingbetalersvereniging en dit is hierdie vereniging — en nie die politieke partye nie—wat die plaaslike gemeenskap op breë grondslag saamsnoer en hom beywer vir gesonde plaaslike bestuur — wat per slot van sake met die partypolitiek tog niks te make het nie.**

# BIRMA MAAK HOM LOS VAN BRITSE KROON

**Nog 'n deel van die Britse Ryk is besig om Brittanje te ontval. Vanaf aanstaande Januarie sal Birma 'n vrye republiek, los van Britse heerskappy wees. Wetgewing dien reeds in die Britse parlement om die stap 'n voldonge feit te maak. Hierdie gebeure staan in die lig van die ontbinding van die Britse Ryk en die verskuiwing van die magsewewig na die Ooste.**

Birma is die eerste deel van die Britse Ryk wat hom geheel en al van die Ryk onttrek. Die wetgewing sal op 6 Januarie 1948 van krag word. Politieke waarnemers beskou die stap van Birma selfs belangriker as die van Indië en Pakistan wat onlangs selfregerende dominiums geword het.

Sedert die afgelope oorlog het die lys van lande wat poog om hulle los te woel van Britse heerskappy, steeds langer en langer geword: Indië, Egipte, Palestina maak reeds deel uit van hierdie refrein. Birma is 'n nuwe noot in hierdie elegie.

In sy kommentaar oor hierdie stap, skryf die Cape Times dat Birma wat „'n swak lid van die Britse familie sou gewees het, nou 'n sterk bondgenoot en vriend word." Die blad gee toe dat die vrywording van Birma die gevolg is van oplewing van die sterk nasionale bewussyn in Birma. **Dit is Brittanje se plig om die dele van die ryk wat ryp geword het hul onafhanklikheid te gee. „Dit is sekerlik nie 'n swakheid om dit (onafhanklikheid) te gee aan volke wanneer die nasionale sentiment dit verlang en die sentiment verbind is met bekwaamheid en verantwoordelikheidssin nie," verklaar die blad.**

# BEDANK

'n Berig uit Johannesburg meld dat mevr. Linda Merry na die nederlaag van die „Arbeiders"-party in die Johannesburgse munisipale verkiesings uit die party bedank het op grond daarvan dat die party nie langer sosialisties is nie, maar gedomineer word deur kommunistiese elemente.

# O.B. Sal Havenga Steun, Sê Genl. Jurgens Schoeman

**WILLOWMORE. — Hfgnl. Jurgens Schoeman het op 18 Oktober as spreker opgetree by geleenheid van 'n O.B.-funksie wat op Rooiblom, Willowmore gehou is.**

Die O.B. het in die verlede al agt keer die hand van vriendskap en samewerking aan die H.N.P. aangebied, veral waar dit verkiesings betref, maar dit is nog altyd deur die party van die hand gewys, het genl. Schoeman verklaar. Boonop soek die H.N.P. van Engelssprekendes en selfs nie-blankes stemme; maar hulle mede-Afrikanerbroers in die Ossewabrandwag is nie goed genoeg nie tensy die O.B.-lede alles prysgee, selfs ook hulle Republikeinse strewe en ideale.

### REPUBLIEK

Genl. Schoeman het verklaar dat die O.B. en die Afrikanerparty leiers 'n verstandhouding bereik het vir samewerking tussen die O.B. en A.P. vir verkiesingsdoeleindes. As gevolg hiervan sal die O.B. oud.-min. Havenga hartlik steun by die volgende verkiesing.



GENL. JURGENS SCHOEMAN

Almal behoort mnr. Havenga se verlede te ken, het spr. voorts verklaar. Soos ander Afrikaners is hy ook een tyd 'n held genoem om dan later weer as 'n verraaier bestempel te word. Mnr. Havenga moes al dié soort kelkies drink.

Op die Bloemfontein-kongres waar wyle genl. Hertzog en mnr. Havenga die Engelssprekendes se taal en kultuurregte wou handhaaf is hulle destyds as verraaiers uitgemaak. Mnr. Havenga is egter vroeër deur dieselfde mense as held geroem omdat hy tydens die Engelse oorlog Engelse koëls gestuit het in sy Afrikanerliggaam.

**Die O.B. is nog die enigste draer van die Republiek omdat die H.N.P., en veral dr. Malan, dit weggebêre en in 'n koelkas toegesluit het. Die O.B. daarenteen, het genl. Schoeman gesê, staan rotsvas by die Republikeinse Grondwet wat selfs deur dr. Malan goedgekeur en in 1941 gepubliseer is. (Korr.).**




## Ontevrede Britte

**Terwyl Brittanje in die grootste ekonomiese nood van sy bestaan verkeer, is die Britse volk nie bereid om selfs die geringste opoffering van hul kant te doen om hul vaderland te probeer red nie. Groot protesvergaderings word selfs georganiseer teen die inkorting van petrolvoorrade vir plesierritjies. Die foto toon die afgevaardigdes wat by die regering gaan kla het oor die besnoeiing van die volk se petrolvoorrade. 'n Groot protesvergadering het die sending voorafgegaan.**

**So lank die Dominiums en veral Suid-Afrika opofferings doen, is dit oënskynlik nie vir die Britte nodig om hul deel by te dra nie!**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# HOE KOMMUNISTE FONDSE INSAMEL

**Die volgende verhaal hoe die Kommuniste in Frankryk wederregtelik hul fondse styf deur middel van swartmarktransaksies wat geskied met behulp van Kommunistiese staatsamptenare, word vertel deur Review Of World Affairs.**

„'n Nyweraar het 'n tekort aan staal gehad. Hy moes dit hê maar kon dit nêrens kry nie. Uit wanhoop het hy aan die regering geskryf. 'n Amptenaar het hom egter meegedeel: ‚Waarom probeer jy nie die swartmark nie.'

Die nyweraar het geantwoord dat hy dit sal doen as hy maar net weet waar om te begin. Die amptenaar het hom meegedeel: ‚Begin hier — gee my 2,000,000 franke en 1,000,000 daarvan gaan na die Kommunistiese Party, en 1,000,000 vir die staal.'

Die transaksie is afgehandel en onder die lys van bydraes tot die fondse van die Kommuniste wat in Humanite gepubliseer is, het die volgende item voorgekom: ‚Van 'n Nyweraar, 1,000,000 franke'."

Die blad verklaar dat soortgelyke praktyke dikwels plaasvind.

## Verdeling Van Palestina

**Die Verenigde State het voorgestel dat Palestina op 1 Julie 1948 in twee state verdeel word — een vir die Jode en een vir die Arabiere. Daar is ook aanbeveel dat 'n tydelike kommissie deur die V.V.O. benoem word om toesig te hou in die oorgangstydperk tussen nou en 1 Julie aanstaande jaar.**

**Aan die Jode en Arabiere moet intussen kans gegee word om tussentydse regerings saam te stel.**